

27 Junie

Filippense 1:27-2:4, (Teks: 1:29)

Geloof en lyding genadegawes

Geloof, hoop, liefde en verlossingsekerheid word gesien as genadegawes, geskenke, wat God uit oneindige goedheid aan sy mense gee. Hierdie geskenke beur die gelowige op en gee weer nuwe moed vir môre en oormôre.

Maar lyding en swaarkry - waar kom dit in die prentjie? Kan dit ook soms genadegawes van God die Here wees of moet ons dit altyd sien as goddelike straf en, nog erger, as bemoeienisse van die duiwel?

Genadiglik het die duiwel nie só 'n groot sê in 'n kind van God se lewe nie. Hy bly 'n vyand, maar deur Christus is hy 'n oorwonne vyand.

Ook ons lyding en beproewing kom uit die Vaderhand; al ons trane is in God se kruik. Pragtig dui Paulus die gelowige se aardse swaarkry as 'n genadegeskenk van God aan as hy sê: "...omdat dit aan julle ter wille van Christus genadiglik gegee is om nie alleen in Hom te glo nie, maar ook vir Hom te ly."

Die wyse waarop ons ons gedra in 'n tyd van swaarkry en probleme, weerspieël dus ook ons verbondenheid aan Christus. Hy het klaar vir ons, sy mense, die lydenspad geloop en dit sodoende vir ons draagliker gemaak.

Om in Jesus Christus te kan glo is 'n groot genadegawe. En onthou: Wanneer van ons verwag word om ook vir Hom te ly, moet ons dit blymoedig en geduldig in die geloof kan verdra. Ook die lyding is ter wille van Christus genadiglik vir ons gegee.

Sing: Psalm 119:25

Dr. I.L. Bekker (Die Moot)